Publication: Rekord Centurion (Main)
Publication Date: 27 Jul 2018
Page: 28

AVE: 50271.54
Circulation: 60100
Part: 1 of 1



# Einde aan Tukkies se Carltonbekerdroogte

**Koos Venter**

Tukkies het hul oorheersing van die Carltonbekerliga in die huidige dekade die afgelope Saterdag hervat.

Hulle het ABE Midas Naka Bulle met 49-32 geklop om as die 2018-kampioen gekroon te word.

Hoewel daar vanjaar geen amptelike finaal was nie, het die ligabepalings só verloop dat die wenner van Saterdag se laaste ligawedstryd in die toernooi tussen dié twee spanne ook die kampioen sou bepaal.

Die wedstryd het dus inderdaad as eindstryd gedien en danksy baie moeite deur Tuks se bestuur is daar ook 'n eindstryd-atmosfeer in dié klub se rugbystadion geskep.

Die gehalte van die aksie wat opgedis is, het weer die standaard van klubrugby in Pretoria bevestig, ten spyte van die feit dat slegs vier spanne in die Carltonliga meeding.

Trouens, verskeie spelers van beide dié twee spanne het reeds professionele rugby op junior- en seniorvlak gespeel.

Tukkies het die wedstryd met 'n knal begin nadat druk en senuwees 'n paar van die besoekers se spelers lelik laat kleitrap het tydens die heel eerste afskop.

Tuks se groot slot, Brian Leitch, het die bal opgepik en net dertig sekondes na die afskop kon hy in die hoek oorduik vir die eerste drie van die wedstryd.

Die manne van die Moot het egter gou herstel na dié blaps en drie minute later het een van die kompetisie se top driedrukkers, linkervleuel Frans Botha, 'n beweging afgerond met 'n puik drie.

Onnodige waaghalsige spel in die rooi gebied het Naka verder onder druk geplaas en Tuks se tweede drie was op 'n skinkbord.

Ten spyte hiervan het Sylvester Booysen en sy manne vasgebyt en self nog twee keer gaan druk.

Teen rustyd was die spanning nog hoog met die telling op 23-22 in Tuks se guns.



Tukkies se kaptein, Theuns Reynolds, spog met die Carltonbeker wat sy span Saterdag gewen het. By hom is dr. Eugene Hare (links), hoof uitvoerende beampte van die Blou Bulle Rugby-unie en Blikkies Groenewald (regs), vise-president van die Blou Bulle Rugby-unie. **Foto: Frans Lombard.**

Na rustyd het ABE Midas Naka Bulle verwoed ingeklim om die gety te draai, maar die skeidsregter het hulle genadeloos gestraf vir hul oorywerige spel by die afbreekpunte en op die onkantlyn, wat aan Tuks se gewese Griekwas losskakel, Steven Moir, die kans gegee het om die telbord aan die rol te hou met 15 punte via suksesvolle strafdoele.

ABE Midas Naka Bulle het nooit ophou veg nie, maar die studente het ook nooit hul greep op die wedstryd laat verslap nie.

Hul reserwes het 'n reuse-verskil kon maak.

Voorlangs het die twee spanne mekaar goed opgekeil. Die verskil was waarskynlik die skakelpare, waar Tuks se ervare provinsiale spelers, Hanco Venter en Moir, strate beter was as hul teenstand.

ABE Midas Naka Bulle se agterlyn het nét te veel ongedwonge foute begaan.

Vir Tuks se hoofafrigter, Nico Luus, was die wedstryd 'n persoonlike triomf.

Hy spog nou met twee agtereenvolgende Carltonbekertitels, nadat hy as Quins-Bobbies se afrigter verlede jaar ironies genoeg teen die einste Tukkies sukses behaal het in die eindstryd.

Tuks se oorwinning het aan hulle hul sesde Carltonbeker titel van die huidige dekade besorg.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.